Voëlpraatjies

MORNÉ DU PLESSIS

Hoofregter, laksman in boom

Snork-snork-snork, proes 'n naggedierte nie ver van my kampvuur nie. Kort daarna word dit op 'n effens laer noot in die verte beantwoord.

Ek sit in die Caprivistrook in die noorde van Namibië. Dié wêreld is vir my vreemd. Dis vroegaand en ek is amper seker dit kan 'n luiperd wees. Of so wil ek dit miskien hê. Hoe wilder, hoe banger, hoe beter.

'n Luiperd proes gewoonlik nie uit 'n boom nie. In teenstelling met die meeste grootbek-diktators, sal hy ál vier sy voete op vaste grond wil hê voordat hy begin om territoriale toesprake te maak. En ek is amper seker dat die geluid uit die boomtakke hier neffens my uitgeknor word.

Ek vat my kierieflits styf vas en beweeg voetjie vir voetjie nader. Toe ek die ligstraal aanskakel en na die geluid mik, weet ek dadelik dat ek my heeltemal misgis het. Ek sluk my wilde hartklop soos 'n droë stuk lewer in my keel af.

Die reuse-ooruil. Foto:FOTO24 ARGIEF

Dis 'n groot, grys bol donserige vere. Bo-op die lyf sit 'n gesig wat weerskante in swart geraam is. Af en toe knip 'n oog, en die melkkoeispeen-kleurige ooglid flits 'n beledigende pienk in my rigting.

Dis 'n reuse-ooruil en hy kyk my streng aan. Hy versit sy gewig af en toe van die een dik veerpoot na die ander.

Ek staan vasgenael soos 'n beskuldigde voor 'n hoofregter. Dis net die krulpruik wat kort. Hoe kon ek my so misgis het?

Die ooglede flits melkkoeispene vir my. En dan, voordat ek nog my verweer kan lewer, kom die uitspraak: snork-snork-snork. Ek word skuldig bevind aan rusverstoring. Ek skuifel nader om versagtende omstandighede te pleit.

Die ooruil leun minagtend vooroor, verdaag die verrigtinge en sweef sonder 'n geluid bo-oor my kop na 'n ander hof. Nie eers 'n vlymskerp toonnael se rasper van sy sitplek af nie.

My hart klop weer droë lewer in my keel.

As jy agter die kap van die reuse-ooruile se lewensroetine-byl kom, kom jy gou agter dat hulle graag hul maaltye op dieselfde eetplek inneem. Onder of om so 'n tak of stomp kan jy sommer gou-gou agterkom wat deur daardie ysterkloue in bedwang gebring en met die bek uitmekaargetrek is.

In krimpvarkiewêreld kom 'n mens by so 'n ooruil se vreetplek dosyne van die pennetjievelle teë. Die eetbare deel van die krimpvarkie word as 't ware onder die pennetjies uitgestroop. Die ou groot uil is agter die sagte vleisies aan en wil tog sekerlik nie die krapperigheid van kruis-en-dwars-pennetjies in sy keel ervaar nie.

> **"'n Reuse-ooruil is verreweg die grootste uilsoort wat hier voorkom.**

Soos met alle uile, is daar egter 'n korrel van onverteerbare beenfragmente, hare of vere en toonnaels wat gewoonlik vanaf die nes- of slaapplek uitgewurg word.

Hierdie onverfynde soliede windbrekery vind gewoonlik 'n paar uur ná die maaltyd plaas. Dit is wanneer alle ongenooide gaste reeds in die pad geval het en die uil op sy eie tyd na sy persoonlike gewoontetjies kan omsien.

'n Reuse-ooruil is verreweg die grootste uilsoort wat hier by ons in Suider-Afrika voorkom. Hy speel snags die rol wat 'n roofvoël soos die breëkoparend bedags speel. 'n Reuse-ooruil kan enigiets van 'n opgeskote vlakvark tot 'n blouaap of selfs 'n sekretarisvoël in bedwang bring.

Daardie sterk bene met die ystergreep van 80 mm lange kloue laat jou bloed yskoud stol as jy van prooiportuur is. Hier word eerder gevonnis as dat rolle gespeel word.

Ek kan my net indink watter vreesaanjaende ervaring 'n hofsaak vir 'n krimpvarkie moet wees. Eers die kille uitspraak van 'n fronsende regter wat jou stip bekyk. En voordat jy jou saak kan stel, word dié regter sommer ook die laksman wat die vonnis voltrek. Jy het skaars tyd om te dink aan wie jy jou pennetjiespels sou wou nalaat.

PAARL

Trap 'n spoor vir luiperds

'n Pretdraf word volgende naweek vir die oorlewing van die Kaapse jagluiperd in die Cederberge gehou. Maryke Roberts het gaan hoor hoekom.

Hoe meer mense op die aarde is, hoe minder blyplek het wilde diere – veral die vleisvretende wilde diere wat in boerderygebiede voorkom.

In hierdie prentjie pas die Kaapse luiperd. Erg ongemaklik, bygesê, want vat jy aan 'n boer se skaap of bok, vat jy ook aan die boer. Tog moet hierdie jagters oorleef in 'n loopgebied wat al hoe meer krimp en waar die kleinwild (sy kos) al hoe minder word.

Helen Turnbull, waarnemende uitvoerende hoof van die Cape Leopard Trust Foto: VERSKAF

Die keerpunt vir dié skaam dier se oorlewing in die Cederberge het in 2003 gekom toe Quinton Martins sy luiperdstudie in die berge begin het. Hy het op sy staptogte deur die gebied heelparty tekens van die aanwesigheid van luiperds gekry.

Maar hy was geskok om te sien hoeveel van dié luiperds doodgemaak word.

Martins het al sy besittings verkoop om sy voortgesette navorsing te finansier en met behulp van ryloop-geleenthede na die Cederberge gegaan.

Sy hart was swaar totdat hy Johan van der Westhuizen, 'n grondeienaar in die Cederberge, ontmoet het. Hy het besef dat ander mense sy besorgdheid deel en sy navorsing sal finansier.

Die Cape Leopard Trust (CLT) het hieruit voortgespruit, en Leopard's Leap-wyne en die Rand Aksepbank het hul geldelike steun aan die luiperdbewaringsprojek toegesê.

Martins het intussen sy doktorsgraadstudie oor die Cederbergse luiperds voltooi. Vandag is talle plase en grondeienaars by die bewaring van die luiperds betrokke.

Die CLT is 'n organisasie sonder winsbejag wat op skenkings van ondernemings en die publiek staatmaak.

Die trust het gou uitgebrei en sluit nou inisiatiewe in die Bolandse berge asook die omgewing van Gourits in en het ook ander inisiatiewe soos die CLT se opvoedkundige program, die Cederberg-rooikatprojek en die Witkruisarend-projek van stapel gestuur.

Helen Turnbull, wat reeds as tiener meerkatte help tel het en ná al haar wêreldreise na die Kaap teruggekeer het, is nou die waarnemende uitvoerende hoof van die trust. Bewaring, volhoubaarheid en toerisme lê haar na aan die hart, en die werk by die trust pas haar soos 'n handskoen.

"Die CLT is 'n aktiewe roofdier-bewaringswerkgroep. Dit gebruik navorsing as hulpmiddel vir bewaring en poog om oplossings te vind vir die konflik tussen die mens en wilde diere," verduidelik sy.

In 'n breër verband word gewone lede van die publiek ook betrek deur interaktiewe en dinamiese omgewingsopvoedkundige programme.

Dít alles kos egter geld, en 'n bykomende inkomste moet deur middel van aanbiedings soos die pretdraf gegenereer word. Die pretdraf (oor 5 km, 15 km en 20 km) op 24 Oktober by die Cascade Country Manor in die Paarl is ook deel van die voortgesette bewusmaking van die oorlewingsnood van die Kaapse luiperd. Skryf in by Quicket by http://www.quicket.co.za/events/11747-2015-cascade-cape-leopard-trust-run/#/.

- **Besoek ook http://capeleopard.org.za.**
- **'n Opvoedkundige kamp word ook aangebied. Kontak Nicole le Roux by eeinfo@capeleopard.org.za, of bel haar by 023 004 0022.**
- **Die trustlede lewer opvoedkundige praatjies by organisasies teen 'n minimum koste en gratis by skole.**

Die enigste foto's van Kaapse luiperds word in kamerastrikke geneem. Dié Cuddeback-kameras gebruik infrarooi strale wat deur beweging en liggaamshitte geaktiveer word. Tans word sowat 200 van dié kameras in navorsingsgebiede gebruik. Foto: VERSKAF